



**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE
GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 13 NOVEMBER 2013 OM 11:00**

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl C H H Hunsinger
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:

Rdh N J A Rust

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Snr Bestuurder: Tegnieuse Dienste, mnr L D Zikmann
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Rdh N J A Rust open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-
VERGADERING GEHOU OP 16 OKTOBER 2013**

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 16 Oktober 2013 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU 6 NOVEMBER 2013
[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJESKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 6 NOVEMBER 2013

5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 16 OKTOBER 2013

6.1 ITEM 7.6: VOORGESTELDE VERKOOP VAN KERKPERSEEL: ERF 7471, MALMESBURY (12/2/5/2-8/4)

Erf 7471 (groot 2225m²), geleë op die h/v Nerina- en Omegastraat, Wesbank, Malmesbury is op 12 Oktober 2000 aan die Charismata Geloofsending Internasionaal-gemeente verkoop. Die koop-ooreenkoms het 'n bouklousule bevat wat bepaal dat 'n gebou binne drie jaar vanaf datum van koop, op die betrokke eiendom opgerig moet word, maar is daar nooit hieraan uitvoering gegee nie.

Voormelde gemeente het ondertussen 'n eiendom vanaf die Jehova Getuies Kerkgenootskap aangekoop vanwaar hulle kerkaktiwiteite nou bedryf word.

'n Aansoek is vanaf die Charismatiese Geloofsending Internasionaal ontvang om erf 7471 aan die House of Prayer Kerkgenootskap te vervreem vir kerkdoeleindes.

BESLUIT

- (a) Dat toestemming aan die Charismata Geloofsending Internasionaal verleen word om erf 7471, Malmesbury aan die House of Prayer Kerkgenootskap te vervreem, onderhewig daaraan dat:
 - die perseel uitsluitlik vir kerkdoeleindes aangewend mag word; en dat
 - 'n terugvalklousule ten gunste van die munisipaliteit ingesluit sal word in die koopakte, waarvan 'n afskrif as bewys aan die munisipaliteit voorgelê moet word;
- (b) Dat die nuwe eienaars 'n tydperk van twee (2) jaar gegun word vanaf datum van registrasie van die eiendom op hul naam om 'n gebou vir kerkdoeleindes aan te wend, en die munisipaliteit onderneem om nie binne gemelde twee jaar aanspraak te maak op die terugvalklousule nie;
- (c) Dat, in opdrag van die Uitvoerende Burgemeester, 'n lys gemaak word van alle kerkgrond sodat aangedui kan word watter kerkgenootskappe nie aan die voorwaardes van koop-ooreenkoms voldoen nie, en verder, dat 'n kontrakadministrasiesetel ontwikkel word om die voorwaardes van koop-ooreenkoms te bestuur.

6.2 ITEM 7.10: HUUR VAN BUITEGEBOU OP ERF 3432, MOORREESBURG (12/1/3/1-9/1)

Die buitegebou op erf 3432, Moorreesburg word verhuur aan die aangrensende eienaar van erf 3961, mnr J C Carstens, vir stoordeleindes. Die huurtermyn verstryk op 31 Augustus 2014.

'n Skrywe is ontvang vanaf mnr Carstens waarin die Raad meegedeel word dat erf 3961 verkoop is, en dat die huur van die buitegebou op erf 3432 gevolglik opgesê word.

Die nuwe eienaars van erf 3961 stel ook belang om die buitegebou op erf 3432 van die Raad vir stoordeleindes te huur.

BESLUIT

- (a) Dat die huurooreenkoms met mnr J C Carstens t.o.v. die huur van die buitegebou op erf 3432, Moorreesburg m.i.v. 1 Desember 2013 opgeskort word;
- (b) Dat 'n nuwe huurooreenkoms met die nuwe eienaars van erf 3961, te wete me C Alberts, aangegaan word m.i.v. 1 Desember 2013 vir 'n termyn wat nie twaalf maande oorskrei nie;
- (c) Dat huurgeld vasgestel word op R200,00 per maand plus BTW wat 'n eskalاسie van ±10% per jaar vir die afgelope vyf (5) jaar verteenwoordig.

7. NUWE SAKE**7.1 MEMORANDUM VAN KLEINBOERE ONTVANG TYDENS DIE OPTOG VAN 25 OKTOBER 2013 (17/2/2, 17/2/2/4) (WYKE 8, 9, 10 & 11)**

Die Munisipale Bestuurder lewer volledig kommentaar in die verslag tot die sakelys op die memorandum ontvang vanaf die kleinboere tydens 'n optog gehou op 25 Oktober 2013.

Klem word daarop geplaas dat landbouhervorming nie 'n funksie van Plaaslike Regering is nie, en dat enige uitgawe wat die munisipaliteit in hierdie verband aangaan as 'n "unfunded mandate" beskou word.

BESLUIT

- (a) Dat daar kennis geneem word van die inhoudelike van die memorandum van die kleinboere (Aanhangsel A), sowel as die skrywe gedateer 18 Oktober 2013 van me Juliana le Roux, namens die inwoners van Saamstaan;
- (b) Dat daar verder kennis geneem word van die verslag, met inbegrip van die aanhangsels en die kommentaar van die Munisipale Bestuurder;
- (c) Dat ten spyte van die kennisgewing tot afsetting van die Malmesbury Kleinboere ingevolge die Uitvoerende Burgemeesterskomitee besluit van 24 Junie 2013, daar nog steeds – soos altyd in die verlede – 'n bereidwilligheid is om met die relevante rolspelers in gesprek te tree, welke rolspelers nie beperk is tot verteenwoordigers van die kleinboere nie, maar ook inwoners van Saamstaan (hulle verteenwoordigers), die Provinsiale en Nasionale Departement van Landbou, Departement Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming sowel as Agri-Expert ten einde 'n holistiese perspektief te kry, van wie nie hulle verantwoordelikheid nagekom het nie;
- (d) Dat die inisieerder van die optog en oorhandiging van die memorandum, mnr Karl Davids in kennis gestel word van die besluit van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en versoek word om die name van drie verteenwoordigers deur te gee vir die beoogde gesprek met die rolspelers;
- (e) Dat daar/...

7.1/...

- (e) Dat daar kennis geneem word dat die inwoners van Saamstaan eweneens beperk sal word tot drie verteenwoordigers en dat me Juliana le Roux dienooreenkomstig in kennis gestel sal word;
- (f) Dat die Munisipale Bestuurder (of sy gedelegerde) versoek word om 'n gesprek met rolspeleers te reël gedurende die week van 18 November 2013 of so spoedig moontlik, afhangende van die beskikbaarheid van die Provinsiale en Nasionale Departemente.

7.2 AANSOEK OM VERLOF: MUNISIPALE BESTUURDER (P; 4/8/3)

Die Munisipale Bestuurder se verlof, hetsy vakansie- of siekverlof moet deur die Uitvoerende Burgemeester (in oorleg met die Uitvoerende Burgemeesterskomitee) oorweeg word.

BESLUIT

- (a) Dat die aansoek om verlof van die Munisipale Bestuurder, vir die volgende tydperke goedgekeur word, synde:
- 9 en 10 Desember 2013; en
 - 19 Desember 2013 tot en met 10 Januarie 2014, vir 'n totaal van 16 werksdae;
- (b) Dat daar kennis geneem word dat die Direkteur: Beskermingsdienste en die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste onderskeidelik as volg sal waarneem:
- Direkteur: Beskermingsdienste: 9 en 10 Desember 2013
 - Direkteur: Siviele Ingenieursdienste: 19 Desember 2013 tot 10 Januarie 2014.

7.3 KAAPSE/WESKUS SWARTLAND TOERISME-ORGANISASIE: 2012/13 FINANSIËLE JAAR: VERSKEIE VERSLAE (9/1/3/2/1)

Die Kaapse Weskus/Swartland Toerisme-organisasie is ingevolge die Diensvlak-ooreenkoms met die Raad verantwoordelik vir verslagdoening aangaande die toerismediensfunksie, en is die onderskeie verslae met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat daar kennis geneem word van:

- (a) die inhoud van die Voorsittersverslag;
- (b) die inhoud van die Finansiële State vir die 2012/2013 finansiële jaar;
- (c) die kern prestasie-indikatore en verkrygingsvoorskrifte.

7.4 ONDERSTEUNING VAN YZERFONTEIN FEES: 7 – 31 DESEMBER 2013 (10/1/R, 17/9/1/3, 17/10/1/2) (WYK 5)

'n Aansoek is ontvang vanaf die Yzerfontein Toerismeburo wat hierdie jaar verantwoordelik is vir die organisering van die Yzerfontein Fees (voorheen die Snoekfees genoem).

Die versoeke van die feeskomitee is in die verslag tot die sakelys vervat. Dit is egter nie duidelik uit die verslag wie verantwoordelik is vir die SA Nasionale "kite surfing" kompetisie wat vanaf 29 November tot 1 Desember 2013 aangebied sal word nie.

BESLUIT

- (a) Dat verhoogde dienslewering oor die vakansieseisoen aangepas word a.g.v. verhoogde besoekersgetalle, en – waar nodig – addisionele personeel aan diensgebring moet word;

7.4/...

- (b) Dat, soos in die verlede, geen betaling gevorder word vir addisionele dienste nie en dat die versoeke van die Yzerfontein Toerismeburo soos vervat in die verslag, goedgekeur word.

7.5 VOORSTELLE VIR BESTUUR EN BEDRYF VAN GEBOU OP ERF 2721, MALMESBURY (12/1/3/1-8/1, 17/2/2) (WYKE 8, 9, 10 & 11)

Die munisipale gebou op erf 2721, geleë h/v Varing- en Roosstraat, Wesbank, Malmesbury was verhuur aan The Swartland Development Foundation (TSDF) vir die aanbied van gemeenskapsontwikkelingsprogramme en veral vaardigheidsontwikkeling.

Nadat TSDF hul werksaamhede gestaak het, is die gebou deelyds gebruik deur die Malmesbury Gewigoptelklub en vir beradingsessies deur 'n organisasie by name van Effective Living.

Dit is egter die mening van die Raad dat die gebou aangewend moet word as meerdoelige sentrum. 'n Openbare mededinging proses is gevolg om 'n organisasie aan te stel vir die bedryf en bestuur van 'n meerdoelige sentrum. Slegs twee aansoeke is teen die sperdatum ontvang, te wete Sinethemba en Goue Jare Dienssentrum.

Na 'n evalueringsproses ingevolge voorafbepaalde kriteria is Sinethemba as die suksesvolle organisasie aangewys.

BESLUIT

- (a) Dat die gebou geleë op erf 2721, h/v Varing- en Roosstraat, Malmesbury aan Sinethemba verhuur word om te bestuur as veeldoelige sentrum;
- (b) Dat dit deel van die ooreenkoms moet wees:
- (i) dat Goue Jare Dienssentrum sover moontlik geakkommodeer word op die perseel tesame met Sinethemba se werksaamhede;
 - (ii) dat Effective Living se beradingsdiens sover moontlik geakkommodeer word;
 - (iii) dat 'n kantoor beskikbaar gestel word vir munisipale amptenare en ander regeringsdepartemente;
- (c) Dat die huurtermyn onbepaald sal wees, en dat die aanvang bepaal word met inagneming van die opgraderingswerk aan die gebou – item 7.14 verwys;
- (d) Dat 'n nominale huurtarief van R100,00 per jaar gevra word;
- (e) Dat die voorgestelde verhuring van die gebou in die plaaslike pers bekend gemaak word vir moontlike kommentaar;
- (f) Dat die huurder verantwoordelik sal wees vir die betaling van diensteheffings, asook vir die gebruik van water en elektrisiteit op die perseel;
- (g) Dat die veeldoelige sentrum op weekdae oop sal wees vanaf 08:00 tot 17:00;
- (h) Dat die Gewigoptelklub op 'n ander perseel geakkommodeer word (sien item 7.6).

7.6 HUUR VAN SPORTGERIEWE TE MALMESBURY (17/9/2/R) (WYKE 8, 9, 10 & 11)

Daar is onlangs akkommodasie ingerig vir verskeie sportklubs en is dit noodsaaklik dat 'n huurooreenkoms met die onderskeie klubs aangegaan word.

Besluit/...

7.6/...

BESLUIT

- (a) Dat 'n huurooreenkoms met die Omega Pigeon Racing Club aangegaan word vir die huur van spasie (groot ±50m²) te Wesbank Gemeenskapsaal, Malmesbury;
- (b) Dat 'n huurooreenkoms met Malmesbury Weightlifting Club aangegaan word vir die huur van spasie (groot ±63m²) te Wesbank Gemeenskapsaal, Malmesbury;
- (c) Dat 'n huurooreenkoms met Fitness Planet Gym aangegaan word vir die huur van die Container Gym (groot ±66m²), geleë op die perseel van die meerdoelige sentrum te Ilinge Lethu, Malmesbury;
- (d) Dat die huurtermyn nie 'n periode van twaalf (12) maande oorskrei nie, wat jaarliks hernu kan word;
- (e) Dat huurgeld van R100,00 plus BTW per jaar in al drie gevalle gehef word.

7.7 VOORGESTELDE VERHURING VAN SPORTKLUBHUIS EN RUGBYVELDE TE KALBASKRAAL AAN CORONATION RUGBYKLUB (17/9/2/2/2-6) (WYK 7)

Hierdie aangeleentheid het op 15 Mei 2013 voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gedien en is 'n konsep ooreenkoms vir die verhuring van die sportklubhuis en rugbyvelde te Kalbaskraal aan Coronation Rugbyklub opgestel.

Gemelde ooreenkoms is aan die rugbyklub voorgelê, in reaksie waarop aangedui is dat hulle nie met die voorwaardes instem nie. 'n Vergadering is hierna met onderskeie rolspelers belê, waaronder die Munisipale Bestuurder en verteenwoordigers van die klub, om konsensus te bereik aangaande die inhoud van die ooreenkoms.

'n Gewysigde konsep ooreenkoms wat uit hoofde van voormelde samesprekings opgestel is, is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

- (a) Dat, gebaseer op die historiese bydrae van Coronations Rugbyklub tot die oprigting en beheer van die sportklubhuis geleë op erf 824, Kalbaskraal, goedkeuring verleen word dat 'n ooreenkoms gesluit word onderhewig aan die bedinge soos voorgehou in die aangehegte konsep ooreenkoms;
- (b) Dat die Bate- en Vlootafdeling versoek word om 'n lys van toerusting en los bates voor te berei vir insluiting by die ooreenkoms;
- (c) Dat volmag verleen word aan die Munisipale Bestuurder om die ooreenkoms namens die Munisipaliteit te onderteken.

7.8 VERHUUR VAN MUNISIPALE EIENDOM OP RIEBEEK-KASTEEL (12/1/3/1-11/1) (WYK 12)

Die Raad verhuur 'n klein buitegebou geleë op gedeelte van erf 147, Riebeek-Kasteel aan Riebeek Cellars op 'n jaar tot jaar basis vir doeleindes van die stoor en koelhou van hul wyne. Die huurtermyn verstryk op 30 November 2013.

BESLUIT

- (a) Dat die buitegebou geleë op 'n gedeelte van erf 147, Riebeek-Kasteel uit-die-hand-uit vir 'n verdere termyn van twaalf maande aan Riebeek Cellars verhuur word vir doeleindes van stoor van wyn;
- (b) Dat die huurgeld verhoog word na R147,00 plus 14% BTW per maand;
- (c) Dat die huurvoorwaardes onveranderd bly.

7.9 UITSTAANDE DEBITEURE: OKTOBER 2013 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Oktober 2013.

7.10 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

7.11 VERKOOP VAN UITGEDIENDE BATES PER OPENBARE VEILING, AFSKRYWING VAN GESTEELDE ITEMS EN ITEMS WAT VERNIETIG MOET WORD (5/14/3/5)

'n Lys van uitgediende items, gesteelde items en items wat afgeskryf moet word, is met die sakelys gesirkuleer.

Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy misnoeë uit oor die onvolledigheid van die verslag, deurdat daar nie aangedui word wat die ware is van items wat verkoop, gesteel of afgeskryf moet word nie.

BESLUIT

- (a) Dat die verkoop van uitgediende bates en gesteelde items soos met die sakelys gesirkuleer, deur die Uitvoerende Burgemeester goedgekeur word;
- (b) Dat kennis geneem word van die Direkteur: Finansiële Dienste se onderneming om toe te sien dat 'n meer volledige verslag in die toekoms voorgelê sal word.

7.12 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE VIR DIE AANKOOP VAN KLERASIE VIR DIE SONDEZA 2013 KAMP (17/2/2/1)

Die Sondeza Afri-Jeugkamp vind plaas te Ganzekraal vanaf 29 November tot 8 Desember 2013.

Kwotasies is aangevra vir die voorsiening van tops vir deelnemers aan die kamp, en is slegs een kwotasie ten bedrae van R32 905,27 (BTW uitgesluit) ontvang.

Die Voorsieningskanaalbestuursbeleid bepaal dat indien 'n kwotasie tussen R30 001,00 en R200 000,00 beloop, 'n informele tenderproses gevolg moet word deur die tender vir 7 dae op die kennisgewingborde, asook op die webblad te adverteer.

Die Voorkeurverkrygingsregulasies vereis verder dat tekstiel, klerasie, leer en skoene produkte 100% plaaslik vervaardig moet wees, en is die vereiste van toepassing op alle tenders bo R30 000,00. Tendersaars wat nie aan hierdie minimum vereiste voldoen nie, kan nie oorweeg word nie.

Die Uitvoerende Burgemeester, met verwysing na bovermelde, noem dat dit ironies is dat hierdie vereiste gestel word, maar dat baie mense in die Swartland munisipale area werkloos gelaat is nadat klerefabrieke toegemaak het. Die Munisipale Bestuurder noem dat versoek is om die aangeleentheid op die MinMay-Tech-vergadering te bespreek.

Besluit/...

7.12/...

BESLUIT

- (a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die aankoop van klerasie om die volgende rede:
- (i) dat, indien die informele tenderproses gevolg word, die risiko bestaan dat daar nie enige tenders ingewin mag word wat voldoen aan die 100% plaaslik vervaardig-vereiste nie, in welke geval die munisipaliteit nie in die posisie sal wees om enige tender toe te ken nie;
 - (ii) dat die tyd beskikbaar tot en met die aanvang van die Sondeza-kamp op 29 November min ruimte laat om die voorgeskrewe informele tenderproses te volg, bo en behalwe die risiko soos na verwys hierbo;
 - (iii) dat die instansie wat die kwotasie ingedien het, die enigste verskaffer is wat kwoteer het en reeds die afgelope 7 jaar die goedkoopste kwotasie ingedien het, en reeds oor die borduur-ontwerp beskik wat vir die klerasie benodig word;
- (b) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde redes die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het dat die klerasie ten bedrae van R32 905,27 (BTW uitgesluit) aangekoop word en die handeling dienooreenkomstig gekondoneer word;
- (c) Dat die uitgawe teen posnommer 05-30-52-00-3740 verreken word;
- (d) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.13 NOTULES VAN BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERINGS (11/1/3/1/6)

Die notules van die afgelope bodbeoordelingskomiteevergaderings is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die inhoud van die notule van die Bodbeoordelingskomiteevergaderings wat onderskeidelik op 3, 9 en 27 September 2013 plaasgevind het.

7.14 MEMORANDUM VAN OOREENKOMS MET AFRIMAT VIR BYDRAE TOT OPGRADERING VAN DIE VARING-/ROOSSTRAAT GEMEENSKAPSENTRUM (17/2/2) (WYKE 8, 9, 10 & 11)

Afrimat het Swartland Munisipaliteit genader om 'n bydrae te maak tot 'n ekonomiese en/of sosiale ontwikkelingsprojek binne die Swartland munisipale area. Daar is besluit dat hulle 'n finansiële bydrae van R250 000,00 sal maak tot die opgradering van die Varing-/Roosstraat-gebou.

Swartland Munisipaliteit het in die 2013/2014 finansiële jaar 'n bedrag van R300 000,00 begroot vir die opgradering van voormelde gebou.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van Afrimat se bydrae van R250 000,00 tot die opgradering van die Varing-/Roosstraat-gebou in Malmesbury, ten einde as gemeenskapsfasiliteit aangewend te word;
- (b) Dat goedkeuring verleen word dat die aangehegte memorandum van ooreenkoms met Afrimat deur die Munisipale Bestuurder of sy gedelegeerde onderteken word.

7.15/...

7.15 AKSIEPLANNE VIR SOSIALE ONTWIKKELINGSBELEID EN STRATEGIE (17/2/2) (ALLE WYKE)

Ten einde uitvoering te gee aan die Sosiale Ontwikkelingsbeleid en Strategie is dit noodsaaklik om aksieplanne op te stel vir die implementering van die strategiese doelwitte.

Die aksieplanne, soos opgestel en geprioritiseer deur die interne sosiale ontwikkelingskomitee, is met die sakelyst gesirkuleer.

BESLUIT

- (a) Dat die voorgestelde aksieplanne, soos opgestel ingevolge die Swartland munisipale sosiale ontwikkelingsbeleid en -strategie, vir 2013/2014 en 2014/2015 goedgekeur word;
- (b) Dat die aksieplanne aan die relevante Departemente voorgelê word vir implementering.
- (c) Dat die interne sosiale ontwikkelingskomitee getaak word om die implementering van die aksieplanne op 'n kwartaallikse basis te monitor;
- (d) Dat daar jaarliks aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee terugvoering gegee word oor vordering met implementering van aksieplanne.

7.16 VOORGESTELDE KONSOLIDASIE, HERSONERING, VERGUNNINGSGEBRUIK, AFWYKING EN NOTARIËLE VERBINDING VAN ERWE 166, 197 EN 859, RIEBEEK-WES (15/3/3-12, 15/3/10-12, 15/3/4-12) (WYK 3)

'n Aansoek is ontvang vir die hersonering van erf 166 (groot 1366m²), geleë te Van Riebeeckstraat, Riebeeck-Wes vanaf residensiële sone I na sakesone I.

'n Verdere aansoek om vergunningsgebruik is ontvang vir onderskeidelik 'n drankwinkel (groot ±78m²) en 'n supermark (groot ±2168m²) wat deel sal vorm van die voorgestelde Spar Supermark.

Daar word ook aansoek om afwyking gedoen ten opsigte van die nie-voorsiening van die vereiste op-perseel parkering.

Erwe 166 en 850 word aangebied vir konsolidasie en sal die gekonsolideerde erwe notarieël met erf 197 – wat as parkering aangewend word – verbind word.

BESLUIT

- A Dat die aansoek vir vergunningsgebruik op die gekonsolideerde erwe 166 en 850, Riebeeck-Wes vir 'n drankwinkel (groot ±78m²) en 'n supermark (groot ±2098m²) wat deel van die voorgestelde Spar Supermark sal vorm ingevolge paragraaf 4.6 van die artikel 8 soneringskema regulasies van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat erwe 166 en 850 konsolideer word. Dat die bewys van registrasie van die konsolidasie aan hierdie munisipaliteit voorsien word voordat 'n okupasiesertifikaat uitgereik kan word;
- (b) dat die gekonsolideerde erwe 166 en 850 notarieël met erf 197 verbind word. Dat die bewys van registrasie van die notariële koppeling aan hierdie munisipaliteit voorsien word voordat 'n okupasiesertifikaat uitgereik kan word;
- (c) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word vir die sloping van bestaande geboue, asook vir die oprigting van nuwe geboue;
- (d) dat die argitektoniese styl van die voorgestelde geboue die karakter van Riebeeck-Wes komplimenteer in oorleg met die goedkeuring wat reeds deur Erfenis Weskaap toegestaan is;

7.16(A1)/...

- (e) dat ten minste 78 op-perseel parkeerplekke volgens die terreinuitlegplan soos voorgelê in die verkeersimpakstudie van "Sturgeon Consulting Transport Planning and Traffic Engineering" voorsien word – gemerk "J";
- (f) dat die parkeerplekke met 'n permanente stofvrye oppervlakte hetsy van teer, beton of plaveisel of 'n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit voorsien word en dat die parkeerplekke duidelik gemerk word;
- (g) dat die eienaar by Swartland Munisipaliteit vir 'n handelslisensie en by die Weskus Distriksmunisipaliteit vir 'n geskiktheidsertifikaat aansoek doen;
- (h) dat die nodige aansoek om advertensietekens te vertoon aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste voorgelê word;
- (i) dat die eienaar/ontwikkelaar mitigerende maatreëls aan Swartland Munisipaliteit vir goedkeuring voorlê ten einde die impak van afleweringvoertuie by die laaisones op omliggende residensiële eiendomme te minimaliseer. Hierdie voorwaarde is van toepassing voordat 'n okkupasiesertifikaat uitgereik word;
- (j) dat die eienaar/ontwikkelaar tot die ooreenkoms met Huis Bergsig verbind word soos voorgelê in hierdie aansoek;
- (k) dat die drankwinkel beperk word tot 'n grootte van $\pm 78\text{m}^2$ soos voorgelê in hierdie aansoek;

A2 WATER

- (a) dat die voorgestelde ontwikkeling van 'n enkele wateraansluiting voorsien word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

- (a) dat die voorgestelde ontwikkeling aansluit by die spoelrioolstelsel;
- (b) dat die voorgestelde ontwikkeling van 'n enkele rioolaansluiting voorsien word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A4 STRATE EN STORMWATER

- (a) dat stormwater vanaf die voorgestelde ontwikkeling en parkeerareas gevoer moet word tot die naaste geskikte munisipale versamelpunt sonder om die bestaande stelsels te oorlaai;
- (b) dat die bestaande stormwaterkanaal en randstene in Van Riebeeckstraat opgradeer word om voorsiening te maak vir die voorgestelde parkeerarea;
- (c) dat 'n formele voetganger toegang tussen erf 197 en die konsolideerde erwe 166 en 850 voorsien word;
- (d) dat die eienaar/ontwikkelaar 'n ingenieur geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel om die stormwater, randstene, voetganger en parkeerareas te ontwerp. Die ontwerpe moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste voorgelê word vir goedkeuring en die uitbreidings moet onder toesig van die ingenieur aangebring word;

A5 VULLISVERWYDERING

- (a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke beboude perseel gehef word en ook vir elke aparte besigheid op die perseel;
- (b) dat in die geval van besighede sal die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
- (c) dat 'n geboude vullisarea, wat maklik toeganklik is vir 'n 30ton vullisvragmotor en vullisverwyderingswerkers, maar ontoeganklik vir ongewenste diere en elemente voorsien word;
- (d) dat die vullisarea van skoon lopende water met 'n vuilwater afloopput wat gekoppel is aan die rioolstelsel voorsien word;

A6 LANDSKAPERING

- (a) dat 'n landskaperingsplan vir die totale ontwikkeling aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir oorweging voorgelê word;
- (b) dat die keuse van bome en struie in ooreenkoms met die hoof van parke van Munisipaliteit Swartland besluit word;
- (c) dat die aanplant van bome en struie gelyktydig met die voorsiening van op-perseel parkering geskied;

A7/...

7.16/...

A7 ESKOM

- (a) dat indien die voorgestelde aansoek veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
- (b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;
- (c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die perseel;

A8 DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

- (a) dat die winkel se totale vloerarea nie 1710m² oorskry nie;
- (b) dat ten minste 70 op-perseel parkeervakke op erwe 166, 850 en 197 voorsien word;
- (c) dat die statutêre 5m boulyn van GHP 227 gehandhaaf word;
- (d) dat die geometriese materiaal planne van die ingang en uitgang vir GHP 227 sowel as die van die voetganger beheermaatreëls, nadat dit deur Swartland Munisipaliteit aanvaar is, aan die Ontwerp Direkoraat (Mnr WM Sibernagl tel no. 021-4832170) van die Departement van Vervoer en Openbare Werke vir finale goedkeuring voorgelê word;

A9 ERFENIS WESKAAP

- (a) dat indien enige erfenis bronne, insluitende argeologiese materiaal, palaeontologiese materiaal, grafte of menslike oorskot gevind word moet werke onmiddellik gestaak word en Erfenis Weskaap in kennis gestel word;

A10 ALGEMEEN

- (a) dat indien dit nodig sou wees om bestaande dienste op te gradeer ten einde die ontwikkeling van dienste te kan voorsien, dit vir die koste van die ontwikkelaar sal wees;

B Dat die aansoek vir 'n afwyking ten einde af te wyk van die vereiste 83 op-perseel parkeerplekke deur slegs 78 parkeerplekke te voorsien (nie-voorsiening van 5 op-perseel parkeerplekke) ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaarde:

- (a) dat die eienaar/ontwikkelaar 'n finansiële bydrae maak vir die nie-voorsiening van 5 op-perseel parkeerplekke teen 'n bedrag van R24 062,50. Hierdie bedrag is betaalbaar op bouplanstadium.

7.17 AANSOEK OM AFWYKING OP ERF 1426, RIEBEEK-WES (15/3/4-12) (WYK 3)

'n Aansoek vir 'n afwyking op 'n gedeelte van erf 1426 (groot ±26m²), geleë te Merindalstraat, Riebeek-Wes vir die bedryf van 'n huiswinkel uit die bestaande motorhuis, is op 14 Augustus 2013 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê. Die item is terugverwys ten einde geleentheid te gee vir die uitvoering van sosio-ekonomiese ondersoeke en wetstoepassingsaksies.

Deeglike ondersoeke is uitgevoer waarvan die resultate in die verslag tot die sakelys verskyn.

Derhalwe word die aansoek vir 'n afwyking op 'n gedeelte van erf 1426, Riebeek-Wes weer voorgelê vir oorweging.

BESLUIT

A Dat die aansoek om tydelike afwyking op op erf 1426, geleë te Merindalstraat, Riebeek-Wes, ten einde 'n huiswinkel (±26m²) vanuit 'n gedeelte van die bestaande motorhuis te bedryf, ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat die nodige bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;

7.17(A1)/...

- (b) dat die nodige aansoek om oprigting van advertensietekens aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (c) dat die huiswinkel slegs deur die eienaar van erf 1426 bedryf mag word;
- (d) dat die huiswinkel nie onderverhuur mag word nie;
- (e) dat die huiswinkel alleenlik vanaf die bestaande motorhuis ($\pm 26\text{m}^2$) bedryf mag word;
- (f) dat hierdie goedkeuring tydelik vir 'n tydperk van drie jaar geldig sal wees;
- (g) dat die eienaar die opsie sal hê om die Raad te nader om die voormelde tydperk met 'n verdere twee jaar by verstryking te verleng;
- (h) dat hierdie goedkeuring nie oordraagbaar is met die verandering in eienaarskap nie;
- (i) dat die nodige maatreëls getref moet word in die voorkoming van knaagdiere en insekte;
- (j) dat die vloer van die huiswinkel skoon en higiënies gehou word;
- (k) dat slegs vooraf verpakte en verseëlde voedselware verkoop mag word;
- (l) dat geen voedsel voorbereiding binne die huiswinkel mag plaasvind nie;
- (m) dat geen speletjies/blêrkas/potspeltafels of enige vorm van vermaaklikheid binne die huiswinkel toelaatbaar is nie en dat geen aktiwiteit plaasvind wat 'n geraassteurnis veroorsaak nie;
- (n) dat die speletjemasjiene en potspeltafels asook enige ander vorms van vermaaklikheid binne 'n tydperk van 30 dae vanaf die datum van hierdie besluit vanaf die perseel verwyder word. Dat die eienaar hierdie munisipaliteit skriftelik in kennis stel wanneer dit verwyder is;
- (o) dat die eienaar by die Departement van Ontwikkelingsdienste vir die nodige handelsslisensie aansoek moet doen, en dat hierdie goedkeuring verder onderhewig daaraan is dat die handelsslisensie jaarliks hernu moet word;
- (p) dat geen vloeibare petroleumgas of ontvlambare stowwe (parafien en gas) geberg of vanaf die huiswinkel verkoop mag word nie;
- (q) dat 'n emmer met sand binne die huiswinkel vir brandbestryding voorsien word;
- (r) dat hierdie goedkeuring binne die huiswinkel vertoon word;
- (s) dat hierdie goedkeuring binne die welbehae van die Raad geskied;
- (t) dat geen handel in onwettige middele bv. drank en dwelms toegelaat word nie;

A2 WATER

- (a) dat die huiswinkel van die bestaande enkele wateraansluiting gebruik maak en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

- (a) dat die huiswinkel van die bestaande enkele rioolaansluiting gebruik maak en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A4 VULLISVERWYDERING

- (a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir die wooneenheid en besigheid gehef word, en in die geval van die besigheid sal die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
- (b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie geplaas word op ooggend van verwydering;

A5 ESKOM

- (a) dat indien die voorgestelde ontwikkeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbode vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
- (b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;
- (c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die onderverdeelde gedeeltes;

A6 ALGEMEEN

- (a) dat die beswaarmakers op hul reg tot appèl ooreenkomstig artikel 44 van Ordonnansie 15 van 1985 gewys word.

7.18/...

7.18 AANSOEK OM AFWYKING OP ERF 1611, CHATSWORTH (15/3/4-2) (WYK 4)

'n Aansoek vir 'n afwyking op 'n gedeelte van erf 1611 (groot $\pm 8m^2$), geleë te Malmesburyweg, Chatsworth vir die bedryf van 'n huiswinkel uit die bestaande woning, is op 14 Augustus 2013 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê. Die item is terugverwys ten einde geleentheid te gee vir die uitvoering van sosio-ekonomiese ondersoeke en wetstoepassingsaksies.

Deeglike ondersoeke is uitgevoer waarvan die resultate in die verslag tot die sakelys verskyn.

Derhalwe word die aansoek vir 'n afwyking op 'n gedeelte van erf 1611, Chatsworth weer voorgelê vir oorweging.

BESLUIT

A Dat die aansoek om tydelike afwyking op 'n gedeelte van erf 1611 ($\pm 8m^2$), geleë te Malmesburyweg, Chatsworth ten einde 'n huiswinkel vanuit 'n gedeelte van die bestaande woonhuis te bedryf, ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat die nodige bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (b) dat die nodige aansoek om oprigting van advertensietekens aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (c) dat die huiswinkel slegs deur die eienaars van erf 1611 bedryf mag word;
- (d) dat die huiswinkel nie onderverhuur mag word nie;
- (e) dat die huiswinkel alleenlik vanaf die bestaande woonhuis ($\pm 8m^2$) bedryf mag word;
- (f) dat hierdie goedkeuring tydelik vir 'n tydperk van drie jaar geldig sal wees;
- (g) dat die eienaar die opsie sal hê om die voormelde tydperk met verstryking met nog twee jaar te verleng;
- (h) dat die nodige maatreëls getref moet word in die voorkoming van knaagdiere en insekte;
- (i) dat die vloer van die huiswinkel skoon en higiënies gehou word;
- (j) dat slegs vooraf verpakte en verseëld voedselware verkoop mag word;
- (k) dat geen voedsel voorbereiding binne die huiswinkel mag plaasvind nie;
- (l) dat geen speletjies/blêrkas/potspeltafels of enige vorm van vermaaklikheid binne die huiswinkel toelaatbaar is nie en dat geen aktiwiteit plaasvind wat 'n geraassteurnis veroorsaak nie;
- (m) dat die eienaar by die Departement van Ontwikkelingsdienste vir die nodige handelslisensie aansoek moet doen, en dat hierdie goedkeuring verder onderhewig daaraan is dat die handelslisensie jaarliks hernu moet word;
- (n) dat geen vloeibare petroleumgas of ontvlambare stowwe (parafien en gas) geberg of vanaf die huiswinkel verkoop mag word nie;
- (o) dat 'n emmer met sand binne die huiswinkel vir brandbestryding voorsien word;
- (p) dat hierdie goedkeuring binne die huiswinkel vertoon word;
- (q) dat hierdie goedkeuring binne die welbehoe van die Raad geskied;
- (r) dat geen handel in onwettige middele bv. drank en dwelms toegelaat word nie;

A2 WATER

- (a) dat die huiswinkel van die bestaande enkele wateraansluiting gebruik maak en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

- (a) dat die huiswinkel van die bestaande enkele rioolaansluiting gebruik maak en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A4 VULLISVERWYDERING

- (a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir die wooneenheid en besigheid gehef word, en in die geval van die besigheid sal die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;

7.18(A4)/...

- (b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie geplaas word op oggend van verwydering;

A5 ESKOM

- (a) dat indien die voorgestelde ontwikkeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
- (b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;
- (c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die onderverdeelde gedeeltes;

- B Dat indien hierdie aansoek deur die Raad ondersteun word, dit ook so besluit word dat alle toekomstige aansoeke met die doel om 'n huiswinkel te bedryf in die nuwe lae koste behuisingsprojekte in die Swartland, wel oorweeg kan word indien die voorgestelde aansoeke voldoen aan die beginsels/riglyne van die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk van Swartland Munisipaliteit.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER